8 MAART 2026

# TORINGKERK NUUS

EREDIENS | DIE TUINIER LOOP SAAM | MATT.28: 20 & PS. 23



**"SAL JY NIE IN MY TUIN INKOM NIE? EK WIL HÊ MY ROSE MOET JOU SIEN."**

**- RICHARD SHERIDAN**

## REEKS: VERRAS DEUR DIE TUINIER

Ons is besig met die reeks en trek al by week 5. Die reeks is 'n uitnodiging om ons te help om Jesus raak te sien waar Hy reeds teenwoordig is. Dit dra by om ons te help om geloof te verstaan as iets wat oor tyd groei en wil ons ruimtes skep waar mense versorg word en ander versorg. Deur die beeld van **Jesus as Tuinier** ontdek ons God wat ***stadig, liefdevol en doelgerig werk***, wat mense in verskillende seisoene ontmoet en geloof laat groei deur kweek eerder as dwang. As Tuinier, roep Jesus ons op die naam, versorg en snoei Hy ons, en stap Hy saam met ons deur elke seisoen van die lewe. Hierdie week is die tema **"Die Tuinier loop saam met ons".**





# LYDENSTYD

Lydenstyd is 40 dae en 6 Sondae lank (die Sondae word nie by die 40 dae ingetel nie). Dit begin met Aswoensdag en strek tot en met Goeie Vrydag. Lydenstyd wys by uitstek dat God op 'n besonderse manier die God van die noodlydende, die arme en die verontregte is en dat Christus in ons werklike nood ingedaal het. In Lydenstyd word daar gefokus op die lyding van Jesus (veral tydens sy 40 dae in die woestyn) asook op die swaarkry en lyding in die wêreld. Christene gebruik hierdie tyd om hulself voor te berei op Paasfees deur introspeksie en sondebelydenis te doen. Ou kerkgewoontes soos vas, stilte en gebed het Christene oor die eeue hiermee gehelp. Lydenstyd is ook 'n tyd van hertoewyding. Daarom staan dissipelskap sentraal. Lydenstyd is daarom ook 'n geleentheid vir toerusting vir dissipelskap en groei. *(-Dinkjeug)*

# KUIER & KLETS SE VOLGENDE UITSTAPPIE

Die Kuier & Klets groep is die gemeente se 60+ groepie wat eenkeer per maand op 'n uitstappie gaan. Hulle volgende uitstappie is **9 Maart** en hulle gaan by **Boschendal** kuier. Hulle kry mekaar om **9:00 by die boonste saal**.

***Indien jy sou belangstel om aan te sluit of saam te gaan, kontak asb vir Hannetjie (0836501860).***



GEBEURE OM NA UIT TE SIEN

TORINGKERK

# dagboek DIE DATUM



**06 MRT** BIDDAG VIR VROUE
TORINGKERK| 12:00-14:00



**28-30 MRT** #IMAGINE KAMP
BREDASDORP | TIENERS



**29 MRT** PALMSONDAG
TORINGKERK | 09:00



**2 APR** WIT DONDERDAG
TORINGKERK | 18:30



**3 APR** GOEIE VRYDAG
NG AGTER-PAARL | 09:00



**5 APR** PAASFEES
TORINGKERK | 09:30

# VETKOEK DRIVE-THRU

Ons hou 'n Markietie fondsinsameling **Vrydag 20 Maart tussen 17:00 en 19:00** en ons verkoop **VETKOEKE**!

Vetkoek met maalvleis: R30
Vetkoek met kaas & konfyt: R20
Vetkoek met niks op nie: R10

Jy is welkom om ook te sit en by die saal te eet en saam te kuier (bring net eie drinkgoed) maar kan ook wegneem huistoe. ***Bestel aanlyn by kerkkantoor of <u>www.tkmarkietie.co.za</u>***





# WYNVEILING SKENKINGS

Op 8 Mei is dit weer ons wynveiling en ons is baie opgewonde om weer hierdie geleentheid te vier. Ons vra vir lidmate om asb na hulle versameling wyne en ander drank te gaan kyk en dit te oorweeg om 'n skenking of twee te maak vir hierdie jaar se geleentheid. as dit nie in die vorm van 'n bottel kan wees nie sal 'n donasie ook welkom wees. Ons waardeer dit ongelooflik baie.

***Kontak vir Gert (0836299267) of een van die leraars indien jy 'n skenking kan maak.***

# #IMAGINE

Ons gemeente gaan #Imagine toe!

**Datum: 28-30 Maart**

Dit is 'n ongelooflike ervaring van tieners regoor die Weskaap.

**Inskrywingsvorms en meer inligting beskikbaar by Stefan** (0742320008) of jeug@toringkerk.co.za

Voltooide vorms moet teen 20 Maart in wees. Borge is moontlik om omkostes te verminder.



# #imagine

## 28-30 Maart 2026

# geroep + gestuur

MATTEUS 4:19



## Wes-Kaap

R780 (Vervoer uitgesluit)

Bredasdorp - Bredasdorp Park

Tieners 13-18 jaar

# BAIE GELUK *met jou verjaarsdag!*

8 Mrt Stella Erasmus
8 Mrt Arnie Fouché
8 Mrt Lizbe Muller
8 Mrt Slabber Prins
9 Mrt Aletia Burger
9 Mrt Néca Burger
9 Mrt Poenie Crous
9 Mrt Joan Matthee
9 Mrt Willie Pretorius
9 Mrt Wynand Van Wyk
10 Mrt Micah Isaacs
10 Mrt Nitzké le Roux
10 Mrt Ilse Olivier
10 Mrt Marietjie Swanepoel
11 Mrt Rita Muntingh
11 Mrt Marlene Tighy
11 Mrt Adél van der Westhuizen
12 Mrt André Augustyn
12 Mrt Mari-Lou Boetzkes
12 Mrt Jacques Calitz
12 Mrt Zahn Hanekom
13 Mrt Ivan Burger
13 Mrt Goldine Carstens
13 Mrt Kobus Cornelissen
13 Mrt Elize Fourie
13 Mrt Jurich Groenewald
13 Mrt Jean-Mari Jacobs
13 Mrt Johan Nel
14 Mrt Brandon Poole
14 Mrt Jana Vorster

# KINDERS & JEUG

## KINDERKLEINGROEPE (5JR - GR.7)

Kinderkleingroepe hierdie Sondag. Judas

## KRUISCONNECT (GR. 8-10)

KruisConnect hierdie Sondag - van na die diens tot 11h00.

## TIENERKERK (GR. 7-12)

Tienerkerk hierdie Dinsdag , om 19:00 in die bo-saal.

# TAIZÉ TEKSTE VIR DIE WEEK

**SONDAG, 8 Mrt**
Joh. 4:5-42

**MAANDAG, 9 Mrt**
Ps. 9

**DINSDAG 10 Mrt**
Luk. 1:327-28

**WOENSDAG, 11 Mrt**
1 Joh. 2:1-6

**DONDERDAG, 12 Mrt**
Jes. 48:16-21

**VRYDAG, 13 Mrt**
Matt. 20:17-19

**SATERDAG, 14 Mrt**
Tess. 5:12-28

**SONDAG, 15 Mrt**
Eff 5: 8-14

# DEURKOLLEKTE

## SPESIALE DEURKOLLEKTE : HUIS ANDREW MURRAY

Huis Andrew Murray, 'n program van BADISA Wes-Kaap, is 'n geregistreerde kinder-en jeugsorgsentrum (kinderhuis) wat residensiële sorg verskaf aan 155 kinders buite die kindergesinomgewing in ooreenstemming met residentiële sorgprogram wat geskik en ontwikkel is vir die kinders in die sentrum.

# KALENDERBORG: MAART


FARMWISE Cape
QUALITY FRESHNESS
Johan & Zùleka Smit
082 657 5200
021 875 5943
johan@farmwisecape.co.za
farmwisecape.co.za
R44 en route to Stellenbosch, Bronkhorst Farm 6/748, Klapmuts 7625

# KONTAK ONS GERUS!

ONS WIL GRAAG GESELS!

## LERAARS

Jana van den Munckhof | 083 948 4233 | jana@toringkerk.co.za

Peet Bester | 084 583 3454 | peet@toringkerk.co.za

## TENTMAKER

Dawfre Theron | 082 899 3959 | dawfre@toringkerk.co.za

## JEUG

Stefan Smit | 074 232 0008 | jeug@toringkerk.co.za

## KANTOOR

Anna-Marie le Roux | 021 872 6730 | info@toringkerk.co.za

## FINANSIES

Annelie Dell | 021 872 6730 | finansies@toringkerk.co.za

## TERREINKOöRDINEERDER

Connie Jacobs | 071 295 9297 | info@toringkerk.co.za

## AFLOSKOSTER

Johan van Rhyn | 084 792 1040 | info@toringkerk.co.za

## ORRELIS

Mario Nell | 082 852 4536 | marionell2@gmail.com

RUSOORD: SONDAE 0M 10:30 IN RUSOORD KAPEL:
Emeriti predikante, Ds. Christo van Wyk en Ds. Nico Kriek bedien.



# DANKOFFERS

DANKOFFERS, MAANDELIKSE BYDRAE EN TIENDES

TORINGKERK
ABSA
TAKKODE:
632 005
REK NR:
400 590 176

TORINGKERK ZAPPER

# TK WHATSAPP

TORINGKERK WHATSAPP GEMEENSKAP

SLUIT AAN EN BLY IN KONTAK METJOU TORINGKERK GEMEENSKAP VIA WHATSAPP

TORINGKERK WHATSAPP GROEP

Kontak gerus die kantoor indien jy nie die Toringkerk Nuus per epos of Whatsapp wil ontvang nie.